

# Donkerbosverdwaal

## belydenis van 'n depressielyer

RONÉL KRITZINGER
**Velddrif Leeskring**

Velddrif Leeskring het by een van hul byeenkomste die boek **Donkerbosverdwaal** deur Sielie Laubscher behandel. Iemand anders in die leeskring het die boek aanvanklik op die lys gesit, maar uiteindelik word ek toe gevra om die boek te behandel. Op daardie stadium het ek nog nie van die boek gehoor nie en nie eens geweet waaroor dit handel nie.

Toe ek dit eers in die hand het en besef dat dit oor depressie handel, het ek maar langtand begin lees, want daar is mos baie lekkerder dinge in die lewe om oor te lees. Gou het ek egter met groot entoesiasme verder gelees - nie omdat dit 'n interessante onderwerp is nie, maar omdat die boek op 'n heel nuwe manier vir die depressielyer self, maar ook vir elkeen op die kantlyn, 'n kykie gee in die wêreld van die depressielyer.

Sielie Laubscher vertel haar verhaal met behulp van die verhaal van **Hansie en Grietjie** wat in die bos verdwaal het. Soos sy self in die proloog skryf: 'Die sprokie van **Hansie en Grietjie** wat my kleintyd aan my ma se lippe laat hang het, word hier in my vyftigerjare skielik 'n angsvolle werklikheid: my mense het my alleen in die donker, onheilspellende bos agtergelaat. Almal, selfs dié wat die heel naaste aan my is, het my hande losgelaat, en ek het nie eens 'n krummeltjie spoor om my uit die digte bos te lei nie…'

Soos die verhaal vorder, word die leser bewus daarvan dat enigiemand dalk op 'n stadium in sy lewe so in die bos kan verdwaal. Die totale eensaamheid van die depressielyer gryp jou aan die hart en algaande word begrip by jou opgewek vir die siekte. Alhoewel die boek vir die leser aanvanklik donker mag wees, is dit 'n boek wat ons almal behoort te lees om meer begrip te kry vir hierdie siekte wat soms nog ontken of vermy word. Dit is definitief van waarde vir die depressielyer, vriend, familielid, terapeut of leek.

Behalwe vir haar eie pad van depressie verwys die skrywer ook tussendeur na mense wat sy deur haar lewe geken het en wat self so verdwaal het sonder dat die mense rondom hulle altyd besef het dat dit gebeur.

Die boek eindig nie op 'n negatiewe noot nie. Die skrywer beskryf hoe sy uiteindelik weer haarself en die dinge wat vir haar belangrik is herontdek en die pad uit die bos terug na die lig vind.

Die skryfstyl is boeiend en dit is van goeie literêre waarde, soos ook die CUM/CNW toekenning (Mediaprys vir Christelike Afrikaanse joernalistiek) wat sy vir die boek ontvang, getuig.

By die byeenkoms waar die boek bespreek is, is meer gesels as by die meeste leeskringbyeenkomste aangesien elkeen van ons óf al in 'n stadium in ons lewe so 'n bietjie in die bos verdwaal het óf iemand ken of geken het wat verdwaal het. Almal wat die byeenkoms bygewoon het, het getuig van meer begrip vir die siekte na die lees van **Donkerbosverdwaal**.

Uit die negatiewe van depressie kan iets positiefs kom soos die skrywer aan die einde vir TT Cloete aanhaal:

*Uit die gebreekte kan 'n vreemde*
*volmaakter belewe kom:*
*Die valk met die vlerk wat skeefweg staan*
*weet pynlik meer van valkwees as*
*die een wat sweef.*
*Die bene wat so soepel loop en*
*onbewustelik gaan*
*weet minder van loop as die slepende*
*grassiebeen*
*van die kind of die kiewiet of die sprinkaan.*
*Die volmaakte is kenbaar uit die*
*onvolmaakte alleen.*

*Nota: Dr Marietjie Nelson is in 2003 deur die Suid Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) genomineer vir 'n toekenning vir voortreflike vertaling vir haar vertaling,* ***Dark Forest of the soul: a personal journey through depression.***

## Titels

***Dark forest of the soul: a personal journey through depression**.- Christian Art, 2002.

**Donkerbosverdwaal: belydenis van 'n depressielyer**.- Christelike Uitg., 2000.

***Tussen ouers & kinders**.- Lapa Uitg., 2004.

*Nota: *Titels nog nie beskikbaar in die Biblioteekdiens se voorraad nie.*